market iq

**Publication:** Rapport Tweede Uitgawe - Sake
**Title:** Oorsese atlete pomp R80 m. in Potch in
**AVE:** 366180.68

**Page:** 13
**Publish Date:** 21 April 2024
**Author:** Riana de Lange

Rapport **Sake**



Die Hoëprestasie-instituut vir Sport (HPI) by die Noordwes-Universiteit in Potch wemel weer van internasionale atlete wat dit as ideale voorbereiding vir die Europese kampioenskap-seisoen en die Olimpiese Spele later vanjaar beskou. | FOTO'S: ELIZABETH SEJAKE

# Oorsese atlete pomp R80 m. in Potch in

NWU se Hoëprestasie-instituut vir Sport lok internasionale sporttoeriste wat 'n welkome inkomste-inspuiting aan die instituut, universiteit, dorp en omgewing meebring, skryf **Riana de Lange.**

Danksy wêreldklas-oefengeriewe en 'n gunstige klimaat rol Potchefstroom in die geld namate Europese atlete in al hoe groter getalle op die dorp toesak.

In 2023 het meer as 1 350 internasionale atlete en ander sportlui uit onder meer Brittanje, Finland, Pole, Frankryk, Nederland, Katar en Jamaika in Potch kamp opgeslaan. Dis 'n styging van 64% teenoor die vorige jaar se 822 atlete. Teen einde Maart vanjaar het 788 atlete reeds 'n Potchefstroomse draai gemaak – byna soveel as in die hele 2022.

Van die spanne bestaan uit sowat 30 mense met hul eie spandokters, sjefs en ander ondersteuningspersoneel, en hulle bring tot vier weke op 'n slag langs die Mooirivier deur.

Jean Verster, direkteur van die Noordwes-Universiteit (NWU) se Hoëprestasie-instituut vir Sport (HPI) en self 'n voormalige middelafstandatleet, sê atlete kom slyp al dekades lank in Potchefstroom, maar die getalle het die laaste paar jaar gesneeubal.

Atlete wat 'n oefenkamp van drie weke bywoon, bestee konserwatief bereken tussen R50 000 en R60 000 in Potch. Dit sluit hul verblyf, kos, vervoer (in die dorp), mediese dienste en toegang tot HPI se oefengeriewe in. Dit beteken die 1 353 "sporttoeriste" het verlede jaar minstens R80 miljoen in die dorp en die universiteit ingeploeg.

Restaurante, winkels, gastehuise, vervoerdienste, dokters en fisioterapeute trek almal voordeel uit die toestroming. Die sporttoeriste reis ook na bestemmings soos Pilanesberg, Sun City en Johannesburg en na atletiekbyeenkomste oor die land heen.

Die eiendomsbedryf vind ook baat daarby, met van die internasionale atlete wat al huise in Potchefstroom gekoop het.

In die aanloop na die Olimpiese Spele in Julie wemel dit vanjaar weer van internasionale sterre soos Keely Hodgkinson (Britse silwermedaljewenner in die 800 m), Nederland se Femke Bol, wat onder meer die wêreldrekord in 400 m-hekkies hou, en Letsile Tebogo van Botswana wat silwer in die 100 m in verlede jaar se Wêreldatletiekkampioenskap losgehardloop het.

Verster sê Potchefstroom se hoogte bo seevlak is 'n trekpleister – dis ideaal vir naellopers, middelafstand- en krag-atlete om hul uithouvermoë met intense oefening te verbeter.

Laurent Meuwly, Nederland se hoofafrigter van naellope, hekkies en aflosse wat verlede jaar deur Wêreldatletiek vereer is, sê Potchefstroom is in dieselfde tydsone as Nederland en dus begin sy atlete dadelik oefen wanneer hulle hier aankom en verloor nie 'n paar dae om by 'n ander tydsone aan te pas nie.

Verster sê die lug is skoon, die weer goed, al die geriewe binne loopafstand en die HPI se oefen- en verblyfgeriewe en gimnasium is van wêreldgehalte.

Eveliina Määttänen, 'n Finse 800 m-atleet wat in April vir die derde keer in Potchefstroom was, sê sy hou van die verskillende oppervlakke, soos die atletiekgrasbaan.

Volgens Verster is die grasbaan wêreldwyd bekend omdat atlete hard kan werk met lae impak wat beserings betref.

"Die Nederlanders het 'n paar jaar gelede 'n stuk van die grasbaan saamgevat, daar laat ontleed en toe 'n soortgelyke kunsmatige baan by hul Olimpiese oefensentrum Papendal gebou."

Määttänen sê vir 'n Fin is die herfsson hier heerlik. In Finland sneeu dit dié tyd van die jaar en dan moet jy 'n binnenshuise oefenbaan soek.

Haar afrigter, Jan Petrač, 'n oudmiddelafstandatleet, sê dit vat baie tyd om na binnenshuise oefengeriewe te ry, terwyl alles in Potchefstroom op een plek is.

Die Brit Trevor Painter, wat onder andere Hodgkinson afrig, kom reeds van 2008 as afrigter met atlete Potchefstroom toe.

"Ek het verlief geraak op die plek. Ons kom drie keer per jaar. Dis so maklik hier, die ideale kombinasie van hoogte bo seevlak en warm weer. Baie langafstandatlete gaan oefen in Kenia, wat hoër is, maar dan moet 'n mens jou oefenprogram aanpas. Hier kan jy by jou normale ritme en intensiteit hou."

Hy en sy span bring gewoonlik vier weke elk in November, Januarie en oor die Paastyd in Potchefstroom deur.



Voor is Keely Hodgkinson, Britse 800 m-rekordhouer, en haar afrigter, Trevor Painter. Agter (net regs van Hodgkinson) sit Olivia Mason en Megan Davies. | FOTO: ELIZABETH SEJAKE



Jan Petra , 'n voormalige middelafstandatleet en nou afrigter, met een van sy atlete, Eveliina Määttänen, 'n 800 m-atleet van Finland.




Een van die Europese atlete oefen op die hamergooiveld by die HPI in Potchefstroom.



Norman Smith, 'n afdelingshoof van HPI, in die gimnasium wat met van die voorste toerusting ter wêreld spog.



Die Hoëprestasie-instituut vir Sport by die Noordwes-Universiteit.



Laurent Meuwly, hoof van naellope, hekkies en aflosse van Nederland se nasionale atletiekspan.

> "Ek het verlief geraak op die plek. Dis die ideale kombinasie van hoogte bo seevlak en warm weer.

Painter en Meuwly sê in Europa is die geriewe so oorvol dat jy nie 'n gehalte-oefening op die baan inkry nie.

"Jy bestee soms meer tyd om jou atlete veilig te hou sodat hulle nie omgestamp word nie, as aan oefening," sê Meuwly.

Painter vertel 'n paar jaar gelede tydens 'n oefenkamp in Europa het dit een oggend onverwags begin sneeu. Een van sy atlete moes 70 minute se oefening inkry en die enigste plek was 'n onderdak-parkeerterrein waar 'n hele ronde in die parkeerterrein een minuut geduur het. "Dus 70 keer in die rondte."

Hy sê hoewel dit nou duurder is om na Suid-Afrika te reis as voorheen, is alles goedkoop as jy eers hier is.

Lewis Davey, 'n 400 m-atleet van Brittanje met 'n hele paar medaljes agter sy naam, is beïndruk met die geriewe en hoe ver die Britse pond hier strek."Julle steaks hier is die beste. En dis goedkoop!"

Painter en sy atlete het 'n jare lange verbintenis met Anita van der Lingen, wat ook Caster Semenya se fisioterapeut was.

"Sy is baie besig wanneer ons hier is; sy ken die atlete, het kontakte en kan vinnig skanderings laat doen. In Europa wag jy twee of drie dae vir die uitslae, maar hier kry ons dit dieselfde dag."

Meuwly sê die Nederlandse atlete bly elke jaar in dieselfde gastehuis wat weet wat hulle nodig het en wil eet. "Hier trek niks jou aandag af nie. Al die fokus is op die oefenprogram en herstel. Die atlete hou van die kalmte in Potchefstroom, want in Europa is daar heeltyd media en borge wat hul aandag vereis."

Norman Smith, verantwoordelik vir bedryfs- en finansiële sake by die HPI, sê die HPI se oppervlakte het die laaste paar jaar meer as verdubbel. In Januarie is daar byna 12 000 voete deur die gimnasium, wat van die beste oorsese toerusting het.

Smith sê hulle rig nou 'n herstelsentrum in met nat en droë herstelgeriewe soos ys-, stoom- en warm swembaddens, hiperbariese tenks en 'n hipotermiekamer (*cryotherapy room*) van meer as R3 miljoen. Die temperatuur in dié groot vrieskas waarin jy regop kan staan, kan tot -135°C daal, wat spierherstel versnel.

Meuwly se atlete oefen ook in Januarie in Stellenbosch en doen in Mei 'n oefenkamp in Europa.

Keagan van Aarde, bestuurder van High Performance Maties Sport, sê hulle het al Duitse, Nederlandse en Britse atletiekspanne vir oefenkampe ontvang, asook verskeie swemspanne.

"Die spanne kom hierheen vir die topgehalte-geriewe wat binne loopafstand is. Hulle besoek Stellenbosch gereeld in die somermaande en bring gewoonlik een tot drie maande hier deur."

Potchefstroom ding mee met onder meer Font Romeu in die Franse Pireneë en St. Moritz in Switserland wat albei hoog bo seevlak is, asook False Creek in Australië wat goeie geriewe het.

Verster sê nadat die HPI se Sports Village, met plek vir 160 atlete, gebou is vir die Spaanse sokkerspan wat Potchefstroom as basis gebruik het tydens die 2010-Wêreldbekertoernooi, het meer atlete uit verskeie sportsoorte die HPI besoek. Die kamers is geskoei op internasionale geriewe en soos hotelkamers met onder meer ekstra lang beddens.

Sheldon Rostron, sportdirekteur aan die NWU, sê benewens atletiektoeriste, lok die HPI se geriewe ook sokkerspanne soos Moroka Swallows, die Proteavrouekrieketspan, provinsiale en Engelse graafskap-krieketspanne wat gereeld in Potchefstroom gesien word.

## Só help dit Potch

Al die internasionale sporttoeriste gee Potchefstroom se beeld 'n reusehupstoot, sê Johan Janse van Rensburg, 'n lid van die plaaslike sakekamer.

"As ons dorp goed genoeg is vir Swede en ander Europeërs, dan besef ons eie mense ons praat hier van gehalte."

Potchefstroom is nou die dorp in Noordwes wat die vinnigste groei, sê hy. In 'n nuwe dorpsontwikkeling met sowat 300 verskillende wooneenhede is 60% van die eienaars mense van buite Potch.

Hy is ook betrokke by die Lekwena-wildplaas net buite die dorp waar besoekergetalle (die meeste van hulle buitelanders) die afgelope twee jaar meer as verdriedubbel het. Hy sê alle ondernemings trek regstreeks of onregstreeks voordeel uit enige nuwe investering in Potchefstroom.

Louis Janse van Rensburg van die sakekamer en betrokke by die NWU se geldinsameling, sê van die restaurante het so uitgebrei dat hulle nou ook gesondheidsprodukte aanhou wat atlete verkies.

www.marketiq.co.za | Tel: 011 884 7847 | enquiries@marketiq.co.za

The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.